# GansBerg Nuus/News

PRYS/PRICE R10.00

Distr. Areas: Gansbaai, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Elim, Bredasdorp, Napier, Van Brakelstoor,Hermanus, Stanford

6 Januarie 2023

129ste Uitgawe


# Vissermans Dankseggingsdiens
## -Hulde gebring aan Silver Snapper en bemanning-



Voor: Ds Floors Avenant en ds Hanri Joubert.
Agter: past dr Robert Johnson, Norman Sauls, past Paul J van Rensburg, ds Dirk van Dyk en Ryan Murst.



Silver Snapper voor haar sinking.

Die jaarlikse Vissermans Dankseggingsdiens wat Sondag, 11 Desember 2022 aangebied is, was 'n baie spesiale diens, met hulde wat aan die Pelagiese Vissersboot, Silver Snapper (DDF 116) van Boetie (Oubol) Wessels en haar bemanning gebring is. Die boot het op 12 April 2022 gesink. “Ons dank God vanaand opnuut dat daar geen lewensverliese of ernstige beserings was nie,” het ds Floors, sameroeper van die reëlings-komitee, gesê. Hy het die bemanningslede, wat teenwoordig was, versoek om vir 'n oomblik op te staan.

Die diens is as gevolg van gure weersomstandighede in die NG Kerkgebou aangebied en nie, soos dit die gebruik is, in Gansbaai Hawe nie. “Die opkoms na die diens was verrassend baie goed en ons is dankbaar daarvoor,” het ds Floors gesê. Die kerk en gallery was bykans volgepak met plaaslike inwoners, maar veral vissermanne, boot- en lynvissers, wat die diens bygewoon het.

Voor die aanvang van die diens is Lofprysingsliedere hartlik saamgesing. Die begeleiers en voorsangers was Jackie Liebenberg en Asanti Smit, met ds Hanri Joubert en ds Floors wat hartlik saam as voorsangers opgaetree het. Die pragtige koorsang van Blompark se Mannekoor het die aanwesiges behoorlik betower - dié manne mag maar sing!

Ds Hanri Joubert het almal hartlik welkom geheet en die diens met gebed geopen. Ds Floors het Asanti Smit gevra om die kerse voor die kansel te kom aansteek. Past Paul J van Rensburg het die Afrikaanse boodskap gebring en past (dr) Robert Johnson die Engelse boodskap - met treffende en relevante boodskappe wat die doel van die diens beklemtoon het. Ouderling Norman Sauls het die diens met 'n dankgebed afgesluit en ds Dirk van Dyk het die seënbede uitgespreek. Daarna is die immergewilde Oorwinningslied hartlik saamgesing.

**Volg op bladsy 2...**














Mannekoor.

Past Frikkie Zeelie se jaarlikse instelling met lekkergoed vir die kinders is in sy afwesigheid gehandhaaf. Flippie Otto het namens hom die lekkergoed uitgedeel. Past Robert het kliphard gevra na watter ouderdomsgroep word met 'kinders' verwys. Ds Floors se antwoord was vanaf 1-80! Past Robbert het breed geglimlag en sommer 'n hele handvol lekkers ontvang! Hierdie diens word aan die einde van elke jaar gehou, met die fokus op dankbaarheid vir goeie visvangstes en die beskerming van die bote en bemanningslede op see. Net so word die nuwe jaar met 'n Verootmoedigingsdiens begin, met die fokus op die vissermanne se afhanklikheid teenoor hulle Hemelse Vader vir sy troue sorg op see. 2023 se Vissermans Verootmoedigingsdiens sal op Sondag, 15 Januarie 2023 (18:30 vir 19:00) in Gansbaai Hawe aangebied word. Hierdie dienste word jaarliks deur Gansbaai Marine geborg.

**Hardus Botha**



**Flippie Otto (links) en past dr Robert Johnson (baie tevrede met sy handvol lekkers).**


Foto: F Avenant.

## Gansbaai Vissermans-verootmoedigingsdiens:

Datum: 15 Januarie 2023.
Tyd: 18:30 vir 19:00.
Plek: Gansbaai Hawe.
(In geval van buitengewone omstandighede: AGS-Kerk)
Fokus: Gansbaai-Marine/Gansbaai-Pelagies.
Lyn- en rotsvissers uitgenooi.
Families van vissers en belangstellendes welkom.
Navrae: Floors Avenant 083 820 8966

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**

**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

Trawler's Pizza
-Soft Serve -Slush Puppies
066 078 4340
6 Dirkie Uys Straat, Gansbaai, 7220

# Kosbare karoo-vetplant in Marie Potgieter se tuin -Ghaap (Karoo-vetplant)-

"Ek het hierdie eienaardige vetplant al baie lank in die pot en nou het dit geblom," het Marie Potgieter, 'n tuin-fanatikus met haar bekende Feetjietuin in De Kelders, aan Gans-Berg Nuus vertel. "Iemand het gesê die naam is 'iets soos ghap', maar groot onsekerheid het bestaan." 'n Foto van die 'onbekende' vetplant is geneem en saamgeneem tydens 'n naweekrit saam met vriende na 'n plaas in die Karoo.

Die plaas, Varsbokkraal van Attie en Lizette Stadler naby Laingsburg is besoek. Sommer op dag een is die foto van Marie se vetplant aan Attie, 'n deeglike kenner van karoo-vetplante, gewys. Net een kyk na die foto en Attie het gesê: "Dit is 'n ghaap karoo-vetplant, kom dan gaan wys ek jou." Die korrekte naam is aan Marie gestuur en terug in De Kelders kon daar bykans nie gewag word om 'n draai by Albert en Marie te gaan maak nie.

Intussen het Marie op een van haar ou tuin-tydskrifte afgekom: *SA Tuin Paleis* van Julie 2010. Daar het sy op 'n volledige artikel oor die karoo-vetplant, bitterghaap, afgekom. Dit is in die familie, *Hoodia* met verskeie spesies,



Die bitterghaap-karoovetplant in Marie Potgieter se tuin.

soos *Hoodia currorii*, *Hoodia flava*, *Hoodia officinalis*, *Hoodia pilifera* en *Hoodia gordonii*. Elkeen van hierdie spesies het bepaalde medisinale waarde wat deur destydse inboorlinge gebruik is. Die oorspronklike bitterghaap was vir die inboorlinge 'n kosbare vetplant en kan inderdaad as 'n funksionele kossoort beskou word. Dit is veral die laaste een, *Hoodia gordonii* (bitterghaap) wat in die farmaseutiese wêreld as 'die verslankingskruí' bekendstaan, al het dit destyds baie spekulasie ontlont.

Die ooreenstemming tussen die plaas se plant, Marie se plant en die foto's en beskrywings in die tydskrif is van so 'n aard dat dit duidelik is dat Marie se plant die *Hoodia gordonii* (bitterghaap) is. Verdere bevestiging daarvan is dat die onderskeie spesies se blomme van mekaar verskil, terwyl die blomme van Marie en Varsbokkraal se plante presies ooreenstem met die foto's en beskrywings in die tydskrif. Die bitterghaap (*Hoodia gordonii*) word as 'n ware versamelaars-vetplant beskou. Dit is 'n vlesige, stekelrige, blaarlose vetplant. Wanneer blomknoppe oopgaan, vorm dit plat, ronde blomme.

Die tydskrif wys daarop dat bitterghaap mooi in potte vol sand en kosmos groei en net een maal per week water nodig het. Dit floreer letterlik op verwaarlosing en omdat dit 'n woestynplant is, kan dit sterk winde, koue nagte en skroeiende hitte oorleef. In 2010 het Margaret Roberts in die *SA Tuin Paleis* geskryf: "Bitterghaap kan jou in die woestyn laat oorleef en word gebruik om ernstige siektes te behandel - en al die voordele is nog nie eens ontdek nie!"

**Hardus Botha**

There is only one name to remember
NASHCA FUNERALS
Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones
64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, **Hermanus**
**028 316 1659**
23 Main Road, **Kleinmond**
**028 271 4971**
Barnhouse, 33 Main Road, **Gansbaai**
**028 384 0251**
7 Queen Victoria Street, **Stanford**
**028 34 101 34**
**082 322 0874**

BLINDS & FLOORING studio
T 028 384 3898
C 082 417 5590
Shop 2, Protea Centre, Main Road Gansbaai
Call us for a FREE quotation
We do Blinds, Shutters, Awnings, Carpets, Flooring
info@blindsflooring.co.za

Overberg Scaffold & Machine Hire
Verhuring van alle boutoerusting:
Sementmengers, Kompakteerders, Bore, Kragopwekkers, Brekers (Breakers)
Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)
Hoëdruk spuittoestelle vir die skoonmaak van mure en dakke.
Industriële Sirkel, Industriële Area Gansbaai
Tel/Faks: 028 384 0189
Fanie Bothma
Sel: 083 296 2676




# Terugblik 2022 - Gans-Berg Nuus



**-Om terug te dink en die mooi te onthou-**
**-To think back and remember the beautiful-**

'n Persoonlike hoogtepunt vir Gans-Berg Nuus se redaksiespan was die viering van Gansbaai se gemeenskapskoerant se tweede verjaardag op 3 Julie 2022. Die redaksiespan dink met dankbaarheid terug aan die koerant se groei van krag tot krag. Daarvoor kan ons 'n speiale woord van dank aan ons getroue adverteerders en lesers rig - ons opregte dank en waardering vir volgehoue ondersteuning. Ons maak staat op die vriendelike voortsetting daarvan in die Nuwe Jaar!

**The year has unfortunately also been marked by grief over the loss of friends and family members. We would like to pay tribute to those who have passed away.**

**Januarie - Desember 2022 / January - December 2022**

*Slegs enkele 2022-hoogtepunte vir ons lesers / Only a few highlights for our readers.*

*Gansbaai Kliniek verloor twee groot steunpilare - Suster Dorothea Jacobs en Suster Petro Prinsloo wat afgetree het.
*Gansbaai Apteek se nuwe bestuurder/apteker, Emile Calitz, word verwelkom.
*Eben van der Merwe oorhandig Laerskool Gansbaai se sleutels aan Jonathan Doyle as waarnemende skoolhoof.
*Mediclinic Hermanus - Improvements within the Maternity Unit as well as a specialised NNCU established within the Maternity Unit.
*Bekommerde Vissermanne soek antwoorde...'n lang stryd tussen ons vissermanne en CapeNature begin met 'n vergadering op 21 Februarie 2022, met goeie vordering wat gedurende die jaar gemaak is.
*170ste herdenking van die HMS Birkenhead Troepeskip se sinking deur Gansbaai Toerisme by Dangerpoint Lighthouse.

**Volg op bladsy 5...**

*Jacques Groenewald, 'oud'-Pearly Beacher en produksiebestuurder van die TV-program, Platteland toe...besoek Pearly Beach vir sy program.
*Gans-Berg Nuus sprei sy vlerke met 'n Xplorio-profiel en groter aanlyn-sigbaarheid.
***Skokgolwe tref Gansbaai op 12 April 2022 met die sinking van die Pelagiese Vissersboot, Silver Snapper in Gansbaai hawe - met groot dankbaarheid van geen lewensverliese of ernstige beserings.**
*Gansbaai Academia kry 'ou hand' as skoolhoof - Carien Fortuin wat sedert die opening van die skool in 2010 een van die betrokkenes was.
*Die bou-projek van welkome toetsfasiliteite vir die aflê van leerlinglisensie-toetse en die toets van bestuurderslisensies word begin.
*Gansie-familie (Laerskool Gansbaai) rou oor hulle geliefde onderwyser, Wynand Bezuidenhout wat op 26 Mei 2022 aan 'n massiewe hartaanval oorlede is.
*Eeufeesvieringe tydens Baardskeerdersbos se NG kerkgebou op 28 en 29 Mei 2022 vir die gebou se 100ste verjaarsdag.
*Juniemaand is Gans-Berg Nuus se verjaarsdagmaand - 2022 'n hele 2 jaar oud!
*Die 95-jarige bestaan van Stanford se NG Kerkgebou word gevier.
*Groter Gansbaai reël weer verskeie Mandeladag-vieringe.
*Herberg aan See se Beheerliggaam kry nuwe voorsitter - Riaan Franken.
*Gansbaai Toerisme groet hulle 'Sterretjie', Doulene Els wat 'n pos by Marine Dynamics aanvaar het.

*Trane van blydskap oor langverwagte lae-koste huise in Blompark met die eerste amptelike oorhandigings aan eienaars in Augustus 2022.
*Gans-Berg Nuus se kantore verskuif in September 2022 na die Protea Sentrum.
*Huge success of Napier's Annual Wine and Patatfees Spring Festival.
*Wally die Walvis in De Kelders trek 'n nuwe baadjie aan met kunstenaar Tertius van Dyk wat die opknappingswerk doen.
*Klein River Cheese, net buite Stanford, ontvang 6 wêreldklas-toekennings tydens die 2022 World Cheese Awards, Wales.
*Jaarlikse Motorfiets Overberg Toy Run behaal enorme sukses met 'honderde' sagte speelgoed op motorfietse - alles ten bate van liefdadigheid - met 'n nuwe rekord van 183 sagte speelgoed op een motorfiets - Johan Pretorius van Gansbaai.
*The official launching of the new development at Kleinbaai, *Kleinbaai Lifestyle Estate*.
*Vanjaar se aansteek van Gansbaai se Kersliggies het behoorlik uitgereën.
*Gansbaai se welbekende Kokkie Engelbrecht van Komtessa tree na bykans 30 jaar af en verkoop haar geliefde Komtessa aan Tinneke Lutzeyer.
*Prof Daniël J Louw van Franskraal se nuutste boek met 'n legio van persoonlikhede, onderwerpe en dies meer, *Daar is méér*, word bekendgestel, met Johan Coetzee van Naledi as uitgewer.
*Gans-Berg Nuus se Boere Expo word by Lomond Wynlandgoed aangebied, ondanks voorspellings van gure weersomstandighede.
*'Juffrou' Susan Cilliers van Laerskool Gansbaai lê die onderwys-tuig na sowat 40 jaar neer, waarvan bykans 20 jaar by Laerskool Gansbaai.
En nou....nou word die Nuwe Jaar - 2023 - wat sommer onlangs nog so ver in die toekoms gewink het, met nuwe ywer aangepak - ook met nuwe voornemings! Net die allerbeste word ons adverteerders en lesers en gemeenskap toegewens!

**Hardus Botha**

FYNBOS
POLE DEPOT
C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET – BREDASDORP
20 MIMOSA STREET – HERMANUS
E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za
PINE POLES - TAPER (CCA H4)
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
WOODCHIPS AND SHAVINGS
GARDEN EDGING
FIREWOOD
Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of the Deed of Transfer Number T35727/99 passed by **IGNASINA WILHELMINA FRONEMAN Identity number: 460326 0085 086, unmarried** and **FREDERIKA MARIA WEISS Identity Number: 470716 0071 003, unmarried,** in favour of **THE TRUSTEES FOR THE TIME BEING OF THE FLOWER VALLEY CONSERVATION TRUST Registration Number: IT437/1999.**

1. PORTION 4 OF FARM HELDERFONTEIN No. 688, SITUATED IN OVERSTRAND MUNICIPALITY, CALEDON DIVISION, PROVINCE OF WESTERN CAPE

IN EXTENT 12,5317 (TWELVE COMMA FIVE THREE ONE SEVEN) Hectares

which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Room 1216, 12th Floor, 90 Plein Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at GANSBAAI this 6th January 2023.

______________________________

**APPLICANT**

On behalf of: Richards Attorneys Address: 35 Barnard Street, Gansbaai, 7220
E-mail address: nrichards@hermanus.co.za Contact number: 028 384 1255 Reference : TT0361




# LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of the Deed of Transfer Number T34134/1999 passed by **JURGENS JACOBUS SMIT Identity number: 570809 5012 087** and **CATHARINA PETRONELLA DOROTHEA SMIT Identity Number: 550217 0030 084,** Married in community of property to each other. In favour of **THE TRUSTEES FOR THE TIME BEING OF THE FLOWER VALLEY CONSERVATION TRUST Registration Number: IT437/1999.**

1. (REMAINING EXTENT) PORTION 7 (PLAT KLIP) OF FARM UYLEN KRAAL No. 695, SITUATED IN OVERSTRAND MUNICIPALITY, CALEDON , PROVINCE OF WESTERN CAPE

   IN EXTENT 124,1971 (ONE HUNDRED AND TWENTY FOUR COMMA ONE NINE SEVEN ONE) Hectares

2. (REMAINING EXTENT) FARM WIND HEUVEL No.696 SITUATED IN OVERSTRAND MUNICIPALITY, CALEDON DIVISION, PROVINCE OF WESTERN CAPE

   IN EXTENT 84,9223 (EIGHTY FOUR COMMA NINE TWO TWO THREE) Hectares

3. PORTION 1, (PLAT KLIP) OF FARM BEN NEVIS No. 694, SITUATED IN OVERSTRAND MUNICIPALITY, CALEDON DIVISION , PROVINCE OF WESTERN CAPE

   IN EXTENT 128,0944 (ONE HUNDRED AND TWENTY EIGHT COMMA ZERO NINE FOUR FOUR) Hectares

4. REMAINING EXTENTOF THE FARM BAVIAANS UITZICHT No. 693, SITUATED IN OVERSTRAND MUNICIPALITY, CALEDON DIVISION, PROVINCE OF WESTERN CAPE

   IN EXTENT 55,7745 (FIFTY FIVE COMMA SEVEN SEVEN FOUR FIVE) Hectares

5. PORTION 6 (STINKHOUTBOS KLOOF) A PORTION OF PORTION 3 OF FARM DE PLATTE RUGT No. 692, SITUATED IN OVERSTRAND MUNICIPALITY. CALEDON DIVISION, PROVINCE OF WESTERN CAPE

   IN EXTENT 79,8128 (SEVENTY NINE COMMA EIGHT ONE TWO EIGHT) Hectares

6. PORTION 2 (WIND HEUVEL) OF FARM BEN NEVIS No 694, SITUATED IN OVERSTRAND MUNICIPALITY, CALEDON DIVISION, PROVINCE OF WESTERN CAPE

   IN EXTENT 20,9322 (TWENTY COMMA NINE THREE TWO TWO) Hectares

7. PORTION 1 (GEELBOSCHRANDT) OF THE FARM BAVIAANS UITZICHT No.693, SITUATED IN OVERSTRAND MUNICIPALITY, CALEDON DIVISION, PROVINCE OF WESTERN CAPE

   IN EXTENT 34,1913 (THREE FOUR COMMA ON NINE ONE THREE) Hectares

which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Room 1216, 12th Floor, 90 Plein Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at GANSBAAI this 6 January 2023.

________________________

APPLICANT

On behalf of: Richards Attorneys Address: 35 Barnard Street, Gansbaai, 7220 E-mail address: nrichards@hermanus.co.za Contact number: 028 384 1255 Reference : TT0361



# Medical 911

CMC CRITICAL MEDICAL CARE
MEDICAL EMERGENCY
066 222 7219

St John Ambulance
EMERGENCY MEDICAL SERVICE
24 HOURS / 7 DAYS A WEEK
Local: 076 585 0899
National: 086 178 5646

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Contact Saskia to advertise in our Medical 911
068 697 9945 - ads2@gansberg.co.za


# Koffi Kraal in Franskraal
## -Koffie om van te kies en te keur-

Koffie om van te kies en te keur is sedert 6 Desember 2022 by Koffi Kraal in Franskraal beskikbaar - 7 dae 'n week vanaf 06:30 tot 15:30 - in Rossouwstraat (h/v Rossouw- & Cilliersstrate), tussen Franskraal OK Mark en Franskraal Wassery. Die tye van die koffiewinkel kan moontlik verander wanneer die feesseisoen verby is. Die koffiebone word deur *Kin Coffees* in Belville verskaf - met koffiebone wat ook te koop aangebied word. Die 'breinkinders' van hierdie nuwigheid in Franskraal is twee skoonsusters van Stellenbosch, Raynette du Toit (35) en La-Nell Collen (31). La-Nell is 'n rekenmeester en Raynette 'n Kliniese Masseerterapeut.



La-Nell Collen.


Raynette du Toit.

"Ons is altwee baie lief vir goeie koffie en het 'n tyd gelede weer saam in Somerset-Wes gesit en koffie drink," vertel La-Nell. "Net daar is Koffi Kraal 'gebore' en het ons gewonder waarom ons nie in Franskraal ons eie koffiewinkel kan open nie." Hulle het daar en dan die wiele aan die rol gesit en binne die bestek van 2½ maande was hulle gereed om oop te maak - "natuurlik met harde 'handyman'-werk deur ons eggenotes, Tertius en Pierre," het La-Nell laggend gesê.

Koffi Kraal word vanuit Stellenbosch deur hulle bestuur en hulle maak beurte om tyd hier te spandeer. "Ons het twee bekwame lokale mense aangestel vir die voltydse bedryf van die besigheid," sê La-Nell. "Ons is vol moed dat Koffi Kraal suksesvol sal wees en goed ondersteun sal word," sê sy. "Vir ons altwee is dit 'n passie en lekkerder as werk, ons geniet elke oomblik daarvan."

Beskikbare koffie wissel van Espresso's, Americano's en Cappuccino's tot by Spiced Chai Latte's, Mocha Coffees en Iced Coffee Slush's. Vir die warm dae is daar 'n verskeidenheid van koue drinkgoed, ingesluit '*Monster*' energie-drankies.

Maak gerus 'n draai by die netjiese en skoon Koffi Kraal in Franskraal. Vir navrae kan Raynette du Toit by 073 376 7144 geskakel word en La-Nell Collen by 061 107 7568.

**Hardus Botha**

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| EMR Emergency Medical Rescue | 076 585 0899 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

- De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
- Franskraal NHW: Willem van der Merwe - 083 791 8497
- Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
- Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
- Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
- Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
- Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
- Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
- BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
- Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
- Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

**Het jy 'n probleem? Do you have a problem? Vir hulp skakel, Alkoholiste Anoniem, Linda 083 458 4077**



# CLASSIFIEDS

Skulpies Winkel Shell Shop

Skulpieswinkel Gansbaai is oop!
Oulike Geskenk Winkeltjie
Skulpies, speelgoed, juwellery.
Elizabeth Fischer
Protea Centre, Shop 4, Main Str. Gansbaai

**BOSMAN VERWERS**
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak



Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580

**APPLIANCE**
**Repairs - Riaan**
Freezers, Fridges, Stoves, Diswashers, Microwaves, Washing Machine, Tumble Dryers
**072 303 5742 - 084 353 0778**

**FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING**
CONTACT AUBREY
076 651 6789/028 388 0872

FYNBOS WENDY HOMES CC t/a
**FYNBOS INC**
- SAWMILL
- WENDY HOUSES
- BUILDING SUPPLIES
Cell: 072 858 2822 / Email: fynboswendy@outlook.com

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
**Hilton Hitge**
**084 558 1902**
*info@anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

TO ADVERTISE YOUR BUSINESS CONTACT
Saskia van Zyl
068 697 9945
ads2@gansberg.co.za
OR
Heleen Greyling
076 717 7190
ads3@gansberg.co.za

HAVE A STORY OR SPORT THAT YOU WANT TO SHARE? CONTACT HARDUS
info2@gansberg.co.za
info@gansberg.co.za
082 786 0494

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*




Kontak Deon: 076 838 2890


**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**Anice Blindings**
Alle soorte blindings & shutters
Vir GRATIS kwotasie
Skakel Andre' 072 563 7228 / Cesly: 082 564 5847

**FRIDGE & FREEZER**



Repairs



Robert Pace: 082 895 4546

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings
Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**




Cape Coastal Homes City Country Homes
TEAM JAMES ROUX PROPERTIES | EIENDOMME
028 384 1197 / 028 384 0249
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
www.cch.co.za

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R570 per meter
(Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies
10 Jaar waarborg op materiaal
Ons diens dek die hele Overberg
**Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204**

# Brain Teasers / Kopkrappers

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 7 | | | | | | | |
| 4 | | 6 | | 3 | | 5 | | |
| | | | | 8 | | | | 6 |
| | | | 3 | | | 1 | | |
| | | 9 | 4 | | | | 7 | |
| | 8 | 7 | | 1 | | | | |
| 3 | | 4 | 6 | | | | | 8 |
| | | | | | 3 | 6 | | 9 |
| | | | | | 4 | | | |

## ANSWERS



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 7 | 8 | 2 | 4 | 6 | 9 | 3 | 1 |
| 4 | 2 | 6 | 9 | 3 | 1 | 5 | 8 | 7 |
| 9 | 1 | 3 | 7 | 8 | 5 | 4 | 2 | 6 |
| 6 | 4 | 5 | 3 | 7 | 8 | 1 | 9 | 2 |
| 1 | 3 | 9 | 4 | 6 | 2 | 8 | 7 | 5 |
| 2 | 8 | 7 | 5 | 1 | 9 | 3 | 6 | 4 |
| 3 | 9 | 4 | 6 | 5 | 7 | 2 | 1 | 8 |
| 7 | 5 | 1 | 8 | 2 | 3 | 6 | 4 | 9 |
| 8 | 6 | 2 | 1 | 9 | 4 | 7 | 5 | 3 |

**BE WISE AND ADVERTISE**

Contact

Saskia van Zyl
068 697 9945
ads2@gansberg.co.za
+
Heleen Greyling
076 717 7190
ads3@gansberg.co.za

**Do you need fast National courier service for business?**




Look no further

**Contact Gansbaai Couriers now!**

A: 6 Dirkie Uys Street, Gansbaai
T: 079 787 7709 / 028 384 0839
E: info@gcourier.co.za

GANSBAAI COURIERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| U | P | L | A | N | E | T | S | K | R | O | W | E | R | I | F | N |
| G | N | I | D | J | E | T | E | X | H | A | U | S | T | E | N | N |
| P | O | M | T | Y | R | U | C | R | E | M | K | I | T | E | O | I |
| C | O | M | E | T | C | H | I | M | N | E | Y | S | M | O | K | E |
| R | M | T | S | T | G | R | B | T | S | H | F | P | L | G | I | S |
| E | S | E | E | A | E | L | E | A | H | D | A | L | M | N | S | D |
| V | F | E | L | E | U | O | T | T | R | E | A | Z | S | I | O | R |
| I | L | A | N | E | R | E | R | E | I | B | S | T | E | T | L | I |
| D | X | I | S | I | L | T | P | S | R | P | R | U | E | I | A | B |
| Y | R | K | G | L | L | A | E | I | H | E | U | N | N | R | R | I |
| K | Y | A | I | H | R | R | A | S | E | O | A | J | N | W | E | G |
| S | S | T | I | C | T | T | E | T | R | L | W | R | L | Y | C | D |
| R | E | D | S | N | O | N | L | W | P | E | U | E | D | K | L | I |
| A | Y | Y | U | H | B | I | I | R | O | T | V | I | R | S | I | P |
| T | K | N | G | O | G | O | I | N | A | P | O | I | O | B | P | P |
| S | R | A | M | H | L | A | W | S | G | J | V | E | N | U | S | E |
| E | R | E | T | P | O | C | I | L | E | H | C | T | E | U | E | R |

AIRPLANE
BIG DIPPER
BIRDS
BLIMP
BLUE SKY
CHIMNEY SMOKE
CLOUDS
COMET
DRONE
FIREWORKS
GALAXY
HAZE
HELICOPTER
HOT AIR BALLOON
JET EXHAUST
JUPITER
KITE
LIGHTNING
MARS
MERCURY
METEOR SHOWER
MOON
PLANETS
POWER LINES
RAINBOW
SATELLITE
SATURN
SKYDIVER
SKYSCRAPER
SKYWRITING
SMOG
SOLAR ECLIPSE
STARS
STREET LIGHT
THE SUN
TREETOP
UNIVERSE
VENUS



# Gansbaai Gholfklub

**Solly Wessels palm Enkel Stableford in**

Solly Wessels wen Saterdag se Enkel Stableford kompetisie met 38 punte. In Woensdag se Enkel Stableford kompetisie teken Cecil Galloway 'n Spog Twee aan op putjie no 11, met Deon Oliphant wat naaste aan die pen op no 17 eindig.

**Woensdag, 21 Desember:**
Philip Taylor wen die Enkel Stableford kompetisie met 36 punte, gevolg deur Deon Oliphant 35, Marietjie de Villiers 34, Johan Coetzee 34, Joe Cesare 32, Stephen Brown 32, Cecil Galloway 32, Hugo Groenewald 31 en Peet Pretorius 31.
Naaste aan die pen op no 17 was Deon Oliphant.
Cecil Galloway teken 'n Spog Twee aan op putjie no 11.


Solly Wessels.

**Vrydag, 23 Desember:**
Pero Heyns wen die 9-putjie Enkel Stableford met 20 punte, gevolg deur Jacobus Bothma 18, Koos Myburgh 17, George Hunt 16, Sakkie van der Merwe 15, Owen Huxham 13 en Deon Momberg 5.

**Saterdag, 24 Desember:**
Solly Wessels wen die Enkel Stableford kompetisie met 38 punte, gevolg deur Johan Coetzee 35, Hugo Groenewald 33, El Matthee 31, Pietie Dry 28, Willem Dry 25, Wally van Coller 24 en Gerhard Fick 23.

**Saterdag, 30 Desember:**
Oujaarsdag Borgdag en die formaat is 'n 2Ball American Scramble.

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**
gbgholf@gmail.com
www.gansbaaigolfclub.com




## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 6/01/2023 | Saturday 7/01/2023 | Sunday 8/01/2023 | Monday 9/01/2023 | Tuesday 10/01/2023 | Wednesday 11/01/2023 |
|---|---|---|---|---|---|
| 24° | 27° | 34° | 24° | 24° | 29° |
| Fresh Breeze, 9 m/s from South East 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from East 0mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from South 0 mm precipitation. | Fresh Breeze. 8 m/s from West 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from West 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from South East 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 6 January | 0915 | 2151 | 0244 | 1554 |
| 7 January | 1024 | 2311 | 0358 | 1707 |
| 8 January | 0411 | 1619 | 1015 | 2226 |
| 9 January | 0442 | 1651 | 1046 | 2256 |
| 10 January | 0514 | 1723 | 1119 | 2327 |
| 11 January | 0546 | 1756 | 1154 | 2359 |
| 12 January | 0621 | 1833 | 1233 | - |
| 13 January | 0700 | 1971 | 0035 | 1318 |
| 14 January | 0746 | 2013 | 0116 | 1413 |
| 15 January | 0842 | 2128 | 0210 | 1522 |
| 16 January | 0952 | 2256 | 0322 | 1642 |
| 17 January | 1108 | - | 0450 | 1758 |
| 18 January | 0014 | 1220 | 0610 | 1901 |
| 19 January | 0115 | 1322 | 0715 | 1955 |

TO ADVERTISE YOUR BUSINESS HERE
CONTACT
Heleen
076 717 7190
ads3@gansberg.co.za

GansBerg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Elim, Bredasdorp, Napier, Van Brakelstoor,Hermanus, Stanford
Sport

TO ADVERTISE YOUR BUSINESS HERE
CONTACT
Saskia
068 697 9945
ads2@gansberg.co.za

OK Foods
Tel: 028 384 0001 GANSBAAI
WINKELURE
Maan - Sat
07:00 - 19:00
Sondag
07:00 - 15:00
MYLAND BILTONG
OK Liquor
Tel: 028 384 3862
Mon - Fri
08:00 - 19:00
Saturday
08:00 - 19:00
Sunday
08:00 - 15:00

# Birkenhead Boothengelklub se prestige Trofeë en Sertifikate

Die Birkenhead Boothengelklub se Jaareind- en Prysuitdelingsfunksie op 19 November 2022 (bietjie laat gepubliseer) het weer eens hengelaars en klublede met groot trots laat pronk - hoe dan nou anders? Die hele jaar is daar gewedywer om as kampioene gekroon te kan word.


Trofeë-wenners.

**Hengelkampioene en wenners**
Die trotse 2022 trofeëwenners is die volgende: *Algehele Visvangkampioen* - Ben Uys (41.3kg); *Algehele Bootkampioen* - Oupa van Ben Uys (43.03kg); *Algehele Dame Kampioen* - Colleen Kemm (32.3kg); *Swaarste rooi roman* (2.0kg) - Leon Lombard; *Swaarste rooi stompneus* (3.45kg) - Ben Uys; *Swaarste silwervis* (1.7kg) - Ben Uys; *Swaarste geelbek* (6.55kg) - Johan Burmeister; *Swaarste kabeljou* (6.55kg) - Robbie Nelson; *Swaarste hotnotsvis* (1.7kg) - Leon Lombard; *Swaarste gurnet* (*knorhaan*) (1.6kg) - Herman Botha; *Swaarste 6 maandeliks visse gevang*: Johan Burmeister, geelbek, 6.55kg en Robbie Nelson, kabeljou, 6.55kg. Hengelaars in die tweede plekke het elk 'n sertifikaat ontvang.

**Spesiale Toekennings**
Dit is nie net hengelaars wat beloon word vir goeie vangstes gedurende die jaar nie. Jaarliks is daar ook spesiale trofeë, toekennings en oorhandigings aan klublede.
*R&R Verdienstelikheidstrofee*: Geraldine Schreiber (Kroegdame) vir pligsgetrouheid in die uitvoer van haar pligte; *Harris Voorsitterstrofee*: Steve en Margi Muller vir jare se werk om die klubgebou instand te hou, tafelreëlings, toegangsbeheer en kaartjies en opruiming na funksies;
*Komiteelede* vir spesiale dankie-sê met geskenke: Bev Swart, De Wet Giliomee en Steve Muller; Elize Burger vir kosmaak (ruiker); Melanie Kroese vir inweeg (ruiker); Spesiale dankie aan Charlie Steyn, Terry Terblanche en Johan Eloff vir verskeie bydraes gelewer.

**Hardus Botha**


Ben Uys (Boot- en Algehele Visvangkampioen), Colleen Kemm (Dame Kampioen) en Robbie Nelson (voorsitter).


Spesiale Toekennings: Elize Burger, Melanie Kroese, Geraldine Schreiber en Steve & Margie Muller.



Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service

028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za